Munisipaliteit • U-Masipala • Municipality
OVERSTRAND

Posbus 20, Hermanus 7200
www.overstrand.gov.za

	Telefoon	Faks
Hermanus	028 313 8000	028 312 1894
Gansbaai	028 384 8300	028 384 0241
Kleinmonad	028 271 8400	028 271 4100
Stanford	028 341 8500	028 341 0445

24-uur-beheerkamer 028 313 8000/8111
Brandweer 028 312 2400

FEBRUARIE 2020

Bulletin

Amptelike nuusbrief van die Munisipaliteit Overstrand

HAWSTON HEIGHTS VERWELKOM SY EERSTE INWONERS

Die Wes-Kaapse Minister van Behuising, Tertius Simmers, en Overstrand-munisipaliteit se Uitvoerende Burgemeester, Dudley Coetzee, het Donderdag 12 Desember 2019 huise aan begunstigdes, wat die 65-jarige Suleiman Moses ingesluit het, oorhandig.

Drie-en-sestig gesinne het kort voor die feestyd die ongelooflikste geskenk denkbaar ontvang toe die Wes-Kaapse minister van menslike nedersettings, Tertius Simmers, en die uitvoerende burgemeester van Overstrand, Dudley Coetzee, op 12 Desember 2019 die sleutels van hul nuwe huise aan hulle oorhandig het.

Die oorblywende eenhede en gedienste erwe van hierdie R77,9 miljoen geïntegreerde residensiële ontwikkelingsprojek (IRDP) in Hawston sal na verwagting teen April 2020 voltooi wees.

Dié nuwe ontwikkeling is oos van die R43 in Hawston geleë en sal Hawston Heights heet. Dit bestaan uit 489 persele wat 107 wooneenhede insluit vir die bekostigbare behuisingsmark ooreenkomstig die finansieringgekoppelde individuele subsidieprogram (FLISP), 378 residensiële bo-struktuurpersele wat onder die *Breaking New Ground* (BNG)-program ressorteer, twee sakepersele, twee gemeenskap-gesoneerde persele, nege openbare ruimtes, paaie en 'n stormwater-retensiedam.

Van die 378 BNG-huise word 19 gebou om persone met gestremdhede te akkommodeer. In plaas van 40 m², het hierdie huise 'n oppervlakte van 45 m² en sluit 'n oprit in wat na die voorkant van die huis lei, handrelings in en skuifdeure na die badkamer, sowel as verlaagde ligskakelaars om toeganklikheid te vergemaklik vir inwoners wat rolstoelgebonde is.

Minister Simmers het begunstigdes daaraan herinner dat hulle nie daaraan moet dink om hul huise te verhuur of te probeer verkoop nie aangesien eienaars wat huise van die staat ontvang ingevolge die kontrak nie binne agt jaar die huis mag verkoop nie. Hulle mag dit ook nie verhuur of as 'n spazawinkel of sakeperseel gebruik nie.

Hy het gesinne aangemoedig om aan gemeenskapsontwikkeling deel te neem en verantwoordelikheid te aanvaar vir hul veiligheid deur 'n buurtwag te stig. "U is 'n geleentheid gegun, moenie dit misbruik nie," het die minister gesê.

Op dieselfde trant het Wyk 8 se raadslid en onderburgemeester, Elnora Gillion, inwoners gevra om na hul huise om te sien en gras, bome en blomme te plant. "Ons wil 'n plek hê waar ons kinders veilig kan speel, en dit is belangrik vir oud en jonk om oefening te kry en sosiaal te verkeer," het sy bygevoeg.

Ter afsluiting het rdl. Arnie Africa vir Frankie Frans en sy span by die departement van behuising bedank vir hul toewyding en logistieke reëlings voor en tydens die oorhandiging.

BOBBEJAANBEHEER

Jongste verslag heel insiggewend

Soos voorheen berig het Munisipaliteit Overstrand onlangs 'n strategiese plan geformuleer en gefinaliseer om bobbejane te beheer. Sedertdien is Human Wildlife Solutions (HWS) aangestel as 'n gespesialiseerde diensverskaffer om bobbejane met behulp van 'n "virtuele hindernis" te beheer en te kontroleer.

'n Voorwaarde vir hierdie aanstelling was dat HWS die bobbejane 90% van die tyd uit die dorp moet hou. Insgelyks is daar ooreengekom dat HWS bobbejane met verfballetjies mag klits of, as hulle steeds nie wil luister nie, met 'n elektroniese halsband mag toerus om hulle bewegings dop te hou in 'n poging om te verhoed dat sekere karnallies telkemale oortree.

Sedert hulle aanstelling in November 2019 hou HWS 'n ogie op die Voëlkliptrop in Hermanus sowel as die trop in Pringlebaai.

Volgens 'n verslag wat aan die einde van November 2019 voorgelê is, kon HWS daarin slaag om beide die Voëlkliptrop en die Pringlebaaitrop 98% van die tyd uit woongebiede te hou.

Die bevindings van hierdie verslag doen ook aan die hand dat Pringlebaai se bobbejaantrop waarskynlik meer gewoond aan mense is. Voorts meen HWS dat die veldwagters wat deur plaaslike inwonersverenigings in hierdie dorp aangestel is grotendeels verhoed het dat bobbejane oor die afgelope paar jaar dié dorp geplunder het.

Hulle slotsom is dat Pringlebaai se bobbejaantrop eerder kos buite as binne die dorp sal soek, en juis om daardie rede is dit makliker om hierdie trop, in teenstelling met die Voëlkliptrop, te beheer.

Oor baie jare heen is daar geen beheer oor die Voëlkliptrop uitgeoefen nie, het die verslag bevind, en juis daarom is die trop nou daaraan gewoond om kos by mense te aas en gaan dit moeilik wees om hulle te beheer. Dr. Phil Richardson, wat aan die hoof van hierdie projek staan, maan dat mens in gedagte moet hou dat die fynbos in die omliggende berge en klowe steeds oorgenoeg kos vir bobbejane bied:

"Moenie bobbejane na jou werf of dorp lok deur versnaperinkies aan te bied nie: Dis jou taak om hulle te ontmoedig om hierheen te kom om kos te soek.

As inwoner in 'n bewoonde gebied kan jy heelwat doen om die bobbejaan-probleem te help beheer: Bobbejane word gelok deur ryp vrugte: Pluk die vrugte of roei die bome uit. Maak seker dat jy jou deure en vensters toe hou. Moenie jou vullis goedsmoeds op die sypaadjie los nie: As dit nie deur honde verskeur word nie, gaan die bobbejane dit doen."

Richardson gee toe dat bobbejane en strooptogte sinoniem is, maar voeg by: "Dink aan die bobbejaan wat deur 'n verfballetjie geklits of deur 'n monitor verjaag word. Hy wou ook nie daar wees nie, en met jou hulp kan ons 'n virtuele net span wat hierdie karnallies 100% uit ons dorpe hou."

Enige navrae rakende Overstrand se strategiese plan om bobbejane te beheer en te bestuur in Pringlebaai kan gerig word aan Tamzyn Zweig by 028 271 8420.

HERSTEL EN *GERAT VIR SAKE*

Kleinmond se oorlaaistasie en tuinvullisstortingsterrein is nou ten volle herstel en gereed om sy bedrywighede te hervat van 7:30 tot 18:00 op weeksdae en van 7:30 tot 16:30 oor naweke en op openbare vakansiedae.

Lede van die publiek is welkom om van hierdie fasiliteite gebruik te maak om weg te doen met algemene afval en tuinvullis, mits die vrag nie vyf ton oorskry nie.

Vragte van minder as een ton kan gratis mee weggedoen word, maar 'n vaste heffing – soos per die gepubliseerde tariewe – word gehef vir vragte tussen een en vyf ton. Klein vragte bourommel van minder as een ton sal ook by die oorlaaistasie aanvaar word.

Vragte algemene afval en tuinvullis van meer as vyf ton moet by die Karwyderskraal-stortingsterrein gestort word, en dieselfde geld vir vragte bourommel van meer as een ton.

Kontak Craig Mitchell by 028 313 5045 vir meer inligting oor die oorlaaistasie of stortingstariewe.

◆ **Neem asseblief kennis dat die Karwyderskraal-terrein deur die Overberg-distriksmunisipaliteit bedryf word en enigeen wat afval of rommel daar wil stort, moet eers by hierdie entiteit registreer voordat vragte aanvaar sal word.**

Soos blyk uit die foto hieronder spog die herstelde tuinvullisstortingsterrein by Kleinmond se oorlaaistasie nou met 'n retensiemuur van beton en 'n omvormde vloeroppervlak.

Die oorlaaistasie se nuwe bekleding

Die span wat diens doen by Kleinmond se oorlaaistasie en tuinvullisstortingsterrein is van links na regs is Rickus Appel, Patrick Litoli, Louis Adonis, Herschel Mackenzie en Hilton Hull.

Die Cliff Path Management Group, in vennootskap met Munisipaliteit Overstrand, is besig om 20 ou en verbleikte inligtingsborde langs Hermanus se kuswandelpad te vervang. Dié wandelpad is een van Hermanus se mees unieke besienswaardighede en strek vanaf die nuwe hawe al langs die kus tot by Grotto-strand. Hard aan die werk is Ashrick Marhinus (kusmonitor), Michael Henn (veldwagter: omgewingsbestuursdienste) en Anina Lee (CPMG se voorsitter). Ontluikende omgewingskundige Anathi Feni en Wyk 3-raadslid Kari Brice (voor) sit ook handjie by.

NUWE PIENK BEFFIES VIR WETTIGE MOTORWAGTE

Van die na-ure motorwagte in hul pienk beffies en blou pette saam met belanghebbendes, wat insluit afgevaardigdes van Overstrand-munisipaliteit, AfriForum, SAPD, sekuriteitsmaatskappye en buurtwagte op Hermanus.

Motorwagte wat na ure diens doen, het onlangs in Overstrand se ouditorium bymekaargekom om pienk sekuriteitsbeffies en warm baadjies te ontvang.

Die splinternuwe pienk beffies en blou pette, geborg deur AfriForum en Hermanus se gemeenskap-polisiëringsforum (CPF), sal verseker dat die motorwagte maklik in Hermanus se sakekern geïdentifiseer kan word. Hulle het ook 'n identiteitskaart met hul name, ID-nommers en foto's ontvang wat te alle tye tydens die uitvoering van hul pligte vertoon moet word.

Die werksure vir dié motorwagte is tussen 16:00 en 02:00 sewe dae per week.

Die motorwagte dek die volgende parkeerareas: Gearing se Punt, Sharklady, Clicks, Markplein en rooi stalletjies, FNB, Haweweg, Bientang se Grot, die Marine Hotel, Rossi's en die gebied agter Jet.

Motoriste is nie verplig om 'n fooi te laat nie, maar footjies is baie welkom. Formele parkeerwagte, met oranje beffies, sal gedurende die dag werk. Daarbenewens sal ses vredesbeamptes die sakekern te voet patrolleer en moniteer. Hulle het die mag om mense te beboet en arrestasies te maak en hulle sal bygestaan word deur wetstoepassers en verkeersbeamptes.

Hierdie inisiatief is moontlik gemaak deur samewerking tussen Munisipaliteit Overstrand, AfriForum, CPF, plaaslike veiligheidsmaatskappye, Hermanuspolisie en die Westcliff-buurtwag.

Sou lede van die publiek deur ander persone as die gemelde motorwagte gepla word, of indien daar klagtes of navrae rakende die program is, kan hulle wetstoepassing kontak by 028 313 8111 of 028 312 2400. Hierdie kontaknommers verskyn ook agterop die motorwagte se beffies.

HONDESONES OP STRANDE

Só bereik ons 'n oplossing wat almal geval

Soos in verlede maand se Bulletin berig, het Uitvoerende Burgemeester Dudley Coetzee Nature's Valley Trust aangestel om 'n sesmaandelange toetslopie te onderneem wat daarop gemik is om sekere strande te soneer sodat 'n ieder en 'n elk na hartelus veilig langs Overstrand se kus kan baljaar.

In die loop van Desember is 'n spesiale poging aangewend om troeteldiereienaars daarop bedag te maak dat hulle geselskapdiere dalk onwetend 'n bedreiging inhou vir veral voëls wat langs ons kus broei.

Dit is ook waar dat nie almal ewe gek is na honde nie.

Byvoorbeeld, gesinne met kleuters wil na hartelus sandkastele bou sonder 'n Wagter wat 'n been lig. En dan is daar ook die energieke drawwers en fiksheidsfanatici wat daarvan hou om hul ledemate 'n bietjie langs ons ongerepte kus te strek: Gegewe dat party loslopende Wagters al te dikwels ongenooi drawwers agterna sit en inmeng met wat 'n vredige oefensessie moes wees, kan baie van hierdie strandgebruikers getuig dat hul ervaring nou nie juis aangenaam was nie.

En nou het ons nog nie eens van honde se impak op die natuurlewe gepraat nie….

Nietemin, die voorneme is nie om honde geheel en al op strande te verbied nie. Inteendeel, Overstrand sal jou inset as eienaar van 'n geselskapsdier waardeer sodat ons saam daaraan kan werk om ruimte te skep waar ook Wagter na hartelus in die branders kan baljaar sonder om iemand of iets te pla of te verontrief.

Klink na 'n goeie plan, of hoe?

As jy jou insette wil lewer oor Overstrand se voorneme om strande te soneer, kontak Brittany Arendse van die Nature's Valley Trust by 044-531 6820 of epos brittany@naturesvalleytrust.co.za.

Neem ook kennis dat die volgende rondte van raadpleging met die publiek in hierdie verband geskeduleer is vir
- 30 Januarie 2020: Kleinmond Biblioteek-raadsaal, Kleinmond, 09:00 - 11:00
- 30 Januarie 2020: Fernkloofsaal, Hermanus, 13:00 - 15:00
- 31 Januarie 2020: Munisipale Raadskamers, Gansbaai, 09:00 - 11:00
Hou 'n ogie op die plaaslike pers en sosiale media vir details in hierdie verband.



Lynelle Kenned

Potpourri van gewilde arias

Op Sondag 16 Februarie betree die sopraan **Lynelle Kenned** die verhoog om populêre liedjies uit musiekblyspele en operas op te voer. Sy word deur die alombekende **Elna van der Merwe** op die klavier begelei.

Die konsert, aangebied deur OVERSTRAND ARTS / KUNSTE (OAK), vind om 15:30 in die ouditorium in Hermanus plaas. Kaartjies kos R150 (R60 vir studente) en is beskikbaar by die toerismekantoor in Mitchellstraat (tel. 028 312 2629). Kontak René du Plooy by 082 940 4238 vir verdere navrae.